

# MURRAYSBURGER



**The secret is out!**

Go to [www.murraysburg.co.za](http://www.murraysburg.co.za)

The Murraysburger is also available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop.

Contact details on page 2

Junie 2012  
R3.00  
No 15



## ABSA hou Spitskop warm

Die jaarlikse jagkompetisie is vir die inwoners van Huis Spitskop dié hoogtepunt van die jaar, aangesien ABSA, die hoofborg van die jagkompetisie, die inwoners elke jaar met hulle omgee bederf.

Vanjaar het Suzette Celliers, Provinsiale Hoof: Bemarking, en Pieter de Jager, ABSA se senior landbouspesialis van die Suid- en Oos-Kaap saam met die inwoners kom tee geniet en het Celliers namens ABSA 50 stelle warm winterslakens en –kussingslope aan die inrigtingshoof, Ettienne Terblanche, oorhandig. Dit beteken dat die inwoners hierdie winter elkeen 'n snoesige warm bed sal hê! Tydens sy bedanking het Terblanche gemeld dat daar net eenvoudig nie geld vir sulke “luukses” is nie en dat hierdie groot geskenk so aan die begin van die winter besonder welkom is.

Lena Williams, wie se 94-jarige bene haar net nie meer kan dra nie, was oorstelp van blydschap toe Celliers namens ABSA vir die inrigting 'n rolstoel vir haar gebruik geskenk het. Williams, wat met groot moeite die geleentheid in die eetsaal kom bywoon het, kon toe maklik met haar nuwe wiele na haar kamer terugkeer! Boonop het Celliers belowe dat sy sal poog om nog rolstoel vir die inrigting te bekom. Almal by Spitskop weet hoe warm Suzette Celliers se hart vir die inwoners klop en dat sy geen moeite ontsien om hulle te help en te bederf nie.

Maretta Theron, wat saam met haar eggenoot, Jacques, jaarliks met groot sukses die jagkompetisie onder die vaandel van Murraysburg se Landbougenootskap reël, het namens die Landbougenootskap vir 60 persone 'n volledige stel kleurvolle Melamine borde, bekere en nagereg- of papbakkies geskenk. Aangesien verskeie inwoners met die greep van hulle hande probleme ondervind, sal maaltye vir hulle nou met baie minder spanning gepaard gaan. Die beheerraad van Huis Spitskop het groot waardering vir die Landbougenootskap, wat Huis Spitskop laat voordeel trek uit die wins van die jagkompetisie.

Na so baie geskenke, wat met liefde gegee is, was dit 'n emosionele oomblik toe een van die inwoners, Stoffel Bezuidenhout, wat self aan 'n rolstoel gekluister is, spontaan die goeie gewers toegesing het. Buitestaanders, wat gesond en vrylik met vriende en familie kan verkeer, besef nie altyd wat 'n bietjie aandag en omgee vir die amper vergetenes van so 'n inrigting beteken nie!

Gesellige saamwees, tee en koek deur van die beheerraadslede voorsien, het die besondere Vrydag 11 Mei gepas afgesluit en is die inwoners met 'n ligter gemoed en groot dankbaarheid terug na hulle andersins dikwels eenselwige bestaan.

# BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135

SMS: 072 388 9284 / 082 5093 120

EPOS: renetheron@mweb.co.za / jennyballantyne@telkomsa.net

POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

*Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.  
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.  
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.  
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.*

## VAN DIE REDAKSIE .....

Radio kommentators sal vir jou sê die slegste deel van hulle werk is dat hulle nooit weet of iemand na hulle luister of eers hoor nie, omdat niemand kan terugpraat nie. Dis net so erg om 'n plaaslike nuusblaadjie aan te bied en niemand skryf terug nie. Dis soos om in 'n vakuum te skreeu en daar kom nie eens 'n eggo terug nie. Waar is julle briewe mense? Ons wil so graag 'n interaktiewe briefkolom aan die gang kry maar die battery bly pap. Laat hoor van julle - goeie nuus, slegte nuus, kritiek, enigets. Moenie skaam wees vir spelfoute nie, ons sal hulle stilletjies regmaak en vir niemand vertel nie!

Groete, René

## ~ The Big Tree blew Over ~

“Denny sought no glory in glamour and he lived his life in a simple non-interfering and gracious manner.”

It is this extract from the Eulogy that inspires me to say a few words.

I've known uncle Denny all my life. Born in the Camdeboo our families grow up together, but it is the later years in Murraysburg Coetzierskraal that I would like to talk about. It is this time that he made an extra-ordinary impact on my life.

If ever I arrived at a time of trouble, confusion and despair, he was my “first port of call”. Just to chat. He shared advice and knowledge in his deep spiritual and wise nature. He honoured me by once calling me his friend.

Problems (diseases etc.) he would say are not physical but mental.

All is ‘Mind’ and there is no such thing as ‘Matter’.

Most of the time incomprehensible to me, but coming from Denny Biggs I would listen, with the hope of one day understanding.

No one could not notice the earthly character in the man. His involvement in Vleiplaatz, Namibia, Kendrew, Heuningkranz, Tuscon America, Tourist agency Cape Town, his support for aunt Margaret. All this for his family

We are just the spirit covered in flesh he would say.

No one is wrong. God did not give us the commandments to judge and condemn others by, but rather to walk with.

“Do unto others as you wish others to do unto you” was the motto of his life.

He gave me Mat. 5 to read (and much other literature too)  
Extracts from this I recall

- Don't come to the altar with your offerings if you have not made peace with your brother.
- If he steals your shirt give him your cloak to.
- If he slaps you on the cheek you offer him the other.



He was always sharing his wisdom and advice – only if you asked for it. Never imposing.

Extracts from the hymn sheet (about their dad)

- William: “His spoke so few words . . . usually quietly”
- Charles: “talk positive or no talk at all”
- Margi: “A big tree has fallen”

He would tell me about his friend, my father, whom I never knew enough about.

He practice overcoming the “law of matter”  
The “Power of healing”

But he knew as well as anybody that matter will not be infinite – it would expire sometime.

Life is not a personal ‘High’, but that ‘Spiritual bliss’ leads to permanent peace.

When I received a SMS from Margi Saturday to say “This morning my dad went gently into the light”

I had instant regrets that I had not had more time to chat.

But this is the comforting part. I cannot hear him now – I can imagine him saying to us all,

“Don't worry, we have for-ever still to chat”

David Luscombe



# ABSA weer Hoofborg van die gewilde Murraysburg Jagkompetisie



*Theronnie van der Merwe – Renosterkop, Kalie van Heerden - Waaikraal, Rudolph Baard – Safari Outdoor, Chris Kromhout - Middelkop, Karel Van Heerden - Bloupoort*

Vanjaar het die weer saamgespeel en kon die 120 deelnemers aan die agtiende jagkompetisie die Karoo op sy mooiste en vriendelikste erbaar. Danksy die goeie reën die afgelope maande kon die jagters hulle amper verbeeld dat hulle in Namibië is aangesien die lang en dikwels ruie gras andersoortige uitdagings as die gewone bossieveld gebied het.

Op die pragtige, windstil herfsdag kon geen jagter die elemente vir 'n mislukte skoot blameer nie! Dit wil in elk geval voorkom asof die jagters se bedrewenheid elke jaar verbeter en word dit al hoe moeiliker om die kompetisie te wen. Gelukkig is wen by hierdie kompetisie nie die belangrikste nie, maar wel die vier spanmaats se samewerking en onderlinge kameraadskap en die erbaar van die eiesoortige rustigheid van die Karoo. Soos maar by elke kompetisie moet die deelnemers by sekere reëls aanpas waarvan die tydsbeperking van vier uur een is.

Die spanne het van heinde en verre gekom en was daar selfs 'n skut uit Swede! Afgesien van die spanformaat

en Karoogasvryheid is die trekkrag van groot en goeie pryse beslis nie te onderskat nie. Nie minder as dertien borge, met ABSA, wat afgesien van groot geskenke 'n pet vir elke deelnemer geborg het asook die optrede van die gaskunstenaar gereël en betaal het, het gesorg dat die deelnemers in alle opsigte bederf word. Die pryse, waaronder tien goeie teleskope geskenk deur Rudolph Optics en groot geskenkbewyse van Safari & Outdoor, maak op sigself deelname die moeite werd. 'n Nuwigheid by vanjaar se kompetisie was die mooi Springbokwisseltrofee vir die beste span geskenk deur die Baardbroers, wat self gereël baie suksesvol deelneem. Marius van Huysteen borg jaarliks die hoofprys terwyl die Terasonspan se De Doornswyne menige jagter se hart verbly het. Die Breërivierspan se boks KWV-brandewyn, wat onder andere ten bate van Huis Spitskop opgeveel is, het broodnodige kontant vir die inrigting ingebring, terwyl die merkers geskenk deur Nico Olivier besonder nuttige en gewilde pryse was. Met die kontant geskenk deur Daan Dercksen, die Sitskootspan, Gielie Herholdt en Retief Celliers van NMMU kon die organiseerders verdere pryse aankoop



waarmee onder andere die boere, met die grootste en mooiste springbokke, beloon is. Nog 'n gewilde en interessante prys is die skouermontering van die bok met die langste horings, wat deur Karoo Animal Art Studio's van Beaufort- Wes kosteloos onderneem word.

Nadat ds. André Louwrens die verrigtinge vroegoggend geopen en Anthonie Troskie die veiligheidsmaatreëls onder die jagters se aandag gebring het, het Percy Reynolds die deelnemers versoek om in alle opsigte eties en eerlik op te tree. Daarna is daar na die plase vertrek en het die dag se pret begin.

Die eerste deelnemers het net na twee van die nabygeleë plase teruggekeer en is die bokke sistematies deur Rikus -, Jacques- en Berno Theron geweeg en die horings noukeurig gemeet, terwyl Anthonie Troskie vir die aanteken van die skootplasinge verantwoordelik was. Dit is 'n reuse taak om 240 bokke te evalueer, terwyl 120 jagters oor jou skouer loer!

Gelukkig het die gaskunstenaar, Jaco Labuschagne, en sy begeleier Rico vir tydkorting tydens die wagperiode gesorg en was die uitslae, danksy Hein en Erika Grebe, wat met die rekenaar getoor het, stiptelik om 19:00 gereed.

Die seremoniemeester van die dag, Anthonie Troskie, het die prysuitdeling rustig en ordelik hanteer nadat Pieter de Jager, ABSA se senior Landbouspesialis vir die Suid- en Oos-Kaap, kortliks 'n profiel van jagters voorgehou het. So tussen die uitdeel van die pryse is verskeie items, wat die mooi bedrag van R12 000 inbring het, ten bate van

Huis Spitskop opgeveil. Hierdie bonus is besonder welkom aangesien Huis Spitskop in April R11 000 minder as sy normale subsidie van die staat ontvang het!

Alhoewel Danie Baard (beste skoot) en Phillip Botha (skut met die hoogste individuele punte) groot pryse en applous ontvang het, was dit die Outsider-span, vier jongelinge wat die spankompetiese gewen het, wat luid toegejuig is. Kaptein Abie Nel en sy spanmaats Pieter Nel, Rudolph van Heerden en Jan-Hendrik Gunter het die ervare jagters behoorlik op hul neuse laat kyk en die Concor-span met ses punte geklop.

Die aand is formeel met 'n sappige biefstuk afgesluit, maar sommige deelnemers het nog lank en lekker gekuier.

Jacques en Maretta Theron en hulle helpers, veral Suzette Celliers van Absa, wat die dag namens Murraysburg se Landbougenootskap gereël het, moet waarlik gelukkig gewens word. Ten spyte daarvan dat Suzette Celliers die brein, beplanner en koördineerder van die geskenke aan Huis Spitskop is, werk sy die hele dag van die kompetisie met 'n vriendelike glimlag net so hard soos Maretta en Jacques en beplan ook sy al weer vir 2013.

Dat die meeste spanne sommer voor hulle vertrek vir 2013 ingeskryf het, is 'n goeie aanduiding van die gewildheid van hierdie jagkompetiese. Dus het die werk vir die volgende kompetisie reeds 'n aanvang geneem! Huis Spitskop en die Murraysburggemeenskap kan hulle en die borge, wat alles moontlik maak, nie genoeg bedank nie.

### BELANGRIKSTE UITSLAE

- |    |                                    |                     |
|----|------------------------------------|---------------------|
| 1  | Kleinste bok (Troosprys)           | : Thinus Hattingh   |
| 2  | Swaarste ram                       | : Gerard Swart      |
| 3  | 2de swaarste ram                   | : Chris Kromhout    |
| 4  | Swaarste ooi                       | : Jandre Arong      |
| 5  | Ram met langste horing             | : Kalie van Heerden |
| 6  | Ooi met langste horing             | : Gerard Swart      |
| 7  | Plaas met langste horings – ram    | : Glencliff         |
| 8  | Plaas met 2de langste horings –ram | : Swartbosch 1      |
| 9  | Plaas met langste horings – ooi    | : Glencliff         |
| 10 | Beste skoot                        | : Danie Baard       |
| 11 | 2de beste skoot                    | : André Greyling    |
| 12 | Plaas met swaarste bok             | : Glencliffe        |

- |    |                                  |                      |
|----|----------------------------------|----------------------|
| 13 | Skut met hoogste totale punt     | : Phillip Botha      |
| 14 | Skut met 2de hoogste totale punt | : Pieter Nel         |
| 15 | Plaas met hoogste gem. gewig     | : Rooipoort          |
| 16 | Plaas met 2de hoogste gem. gewig | : Brandkraal 1       |
| 17 | Plaas met 3de hoogste gem. gewig | : Glencliffe         |
| 18 | Plaas met 4de hoogste gem. gewig | : Swartbosch 3       |
| 19 | Span met 7de hoogste punte       | : Murraysburg        |
| 20 | Span met 6de hoogste punte       | : Sitskoot           |
| 21 | Span met 5de hoogste punte       | : Grensvegters       |
| 22 | Span met 4de hoogste punte       | : Safari and Outdoor |
| 23 | Span met 3de hoogste punte       | : Hot shots          |
| 24 | Span met 2de hoogste punte       | : Concor             |
| 25 | WENSPAN                          | : Outsiders          |



# Lappiesklas op Murraysburg

*Mev. Deleen Calitz, 'n oud-Murraysburger, vertel hier van haar betrokkenheid by die destydse lappiesklas op Murraysburg in die drie jaar van Februarie 1970 tot Februarie 1973. Haar man, mnr. Daantjie Calitz, was van November 1969 tot April 1973 rekenmeester by Volkskas (nou Absa) se tak op die dorp. Die egpaar is afgetree en woon op Hartenbos.*

Pas op Murraysburg aangekom, ontvang ek, toe 'n bloedjonk dertigjarige, 'n uitnodiging om lid van die lappiesklas op die dorp te word. As jy nie 'n geëerde lid van dié groepie vroue was nie, het jy nie geweet wat op hul byeenkomste aangaan nie. Nuwe lede is gekeur en is slegs op uitnodiging toegelaat. Ek het natuurlik vooraf stilweg probeer uitvind wat hul bedrywighede behels, maar kon nie juis 'n goeie antwoord kry nie.

Die lappiesklas is elke Woensdag by een van die lede aan huis gehou, stiptelik van halfelf tot twaalfuur. Daar was vyf reëls wat vir elke byeenkoms gegeld het. Een: Elke lid moet handwerk saambring en daar sal wel gewerk word. Twee: Skinder is verbode. Drie: Geen eggenoot, kind of bediende mag genoem of bespreek word nie. Vier: Die gasvrou mag net tee en toebroodjies bedien. Vyf: 'n Bedrag van 25 sent moet vir die plaaslike hospitaal geskenk word.

'n Uitsondering op die reëls is wel gemaak as jy gesinsklagtes wou noem of as jy sou beter voel ná 'n skindersessie. Dan moes jy egter 'n boete van 25 sent betaal. Andersins is alle moontlike onderwerpe spontaan bespreek en is daar sommer net lekker oor alles gesels. 'n Kort, humoristiese skets of 'n ernstige stukkie is ook voorgelees.

Toe ek lid geword het, was die ander lede almal bejaarde dames van die dorp, 'n uitgesoekte groepie aristokrate. Tot vandag toe word van hulle gepraat as "ant" – beslis nie "tannie" nie.

Die mollige ant Frances van der Merwe was enig in haar soort. Sy en haar man, oom Theron, het vroeër op die plaas Middelkop geboer. Sy het altyd alles in volle kleur en geur vertel, kompleet met Engelse uitdrukings, terwyl sy dramaties traantjies wegpik. Haar gehekelde oortreksels vir teepotstaanders het haar warm hartlikheid weerspieël. Haar silwerteestel en fyn porselein, asook die versteekte stringe krale wat deel van haar blommerangskikkings gevorm het, was tipies van haar.

Ant Anna van Heerden, 'n lang, atleties geboude dame, het met haar kenmerkende kort treetjies en vinnige stappie spreekwoordelik sommer in 'n mens se hart ingestap. Sy en haar oorlede man, oom Piet van Heerden, het vroeër op die plaas Kirkvors-eiland (nou De Hoop) geboer. Na aanleiding van die plaas se naam is na hulle as ant Anna Kirk en oom Piet Kirk verwys.

Ant Anna het graag vertel dat sy eenkeer op 'n warm dag, uitgeput van tuinwerk, lafenis in hul huis gaan soek het. Die hortjies voor hul slaapkamervenster was toegemaak teen die hitte en die vertrek was donker. Toe sy haar klerekas se deur oopmaak, het 'n bottel wyn haar oog gevang. Sy was dors en het 'n paar slukke van die koel wyn gedrink. Skielik het haar man uit die donker vanaf die bed gevra: "Anna, Anna, wat doen jy?!" Sy kon hom daarna nooit oortuig dat sy nie soms skelm drink nie!

Die lappiesklas het ook 'n ander ant Anna gehad: ant Anna Vorster, die plaaslike bibliotekaresse. Sy was getroud met oom Alwyn Vorster, broer van ant Anna van Heerden. Oom Alwyn was 'n oud-Murraysburger en die Vorsters het op die dorp kom aftree. Ant Anna Vorster was klein, fyn, petite. Haar hare was silwerwit en sy het waardigheid, diepte en kennis uitgestraal, soos die boeke wat sy daagliks in die biblioteek gehanteer het.

Ant Lettie Busshian was die gesellige, sosiale dame. Sy was effens mollig, maar absoluut vlugvoetig en het soos 'n veertjie beweeg. Sy en haar man, oom Duitser, 'n plaaslike handelaar, het wyd deur die land gereis, waarvan die versameling asbakke van die verskillende plekke in hul huis getuig het.

Ant Lettie het juweliersware – ringe, armbande en hangertjies – gehad met insetsels van klippe wat sy en oom Duitser self geslyp het. Die Busshians, allermins grootdoenerig, het ook die eerste woonwa, elektriese orrel en mikrogolfoond op Murraysburg besit.

Met die hartlike ant Susie Symington in die omgewing was daar geen vervelige oomblik nie. Sy was getroud met oom Jim, afgetrede boer van die plaas Brandkraal en bekende Murraysburger. Ant Susie was dol oor motorry. Sy het elke dag met haar motor straat op en straat af gery.

Ant Emma Human was stewig gebou en het 'n sterk persoonlikheid gehad. Sy was getroud met oom Joepie, 'n winkelier, en was self 'n knap sakevrou. Ant Emma kon haar man staan en was in daardie dae al 'n feminis, hoewel glad nie bombasties nie.

Interessant genoeg, daar was wel iemand vir wie ons as "tannie" – en nie "ant" nie – aangespreek het. Sy was tannie Kay Pienaar, 'n pragtige, slanke dame. Sy was getroud met oom Willie, 'n afgetrede boer van die plaas Hartebeestfontein, en was die oorspronklike eienaar van Kay's Kafee op die dorp. Tannie Kay het 'n pragtige geaardheid gehad en het jou altyd so spesiaal laat voel. Sy het altyd opreg belang gestel, uitgevra, geluister, gesels en raad gegee. Dit was 'n voorreg om lid van Murraysburg se lappiesklas te wees.

***If you can't love your neighbour, at least do not hurt him***

*~ Leo Buscaglia ~*

# Verminderde suikerinname lei tot beter gesondheid en groter fiksheid

Die leefstylvergadering van die VLV, wat op 9 Mei in Huis Spitskop se sonnige eetkamer gehou is, was soos altyd interessant met iets vir elkeen.

Nadat Johanna van der Merwe die vergadering met 'n gepaste voorlesing uit dr. Piet Naudé se *Stories vir die lewe* geopen het, het die sameroeper, Elsabé Louwrens, Petro Kalolo, wat die leiding neem by 'n naaldwerkprojek by die Thusongsentrum, aan die woord gestel.

Hierdie skraal vrou, wat vasberade is om 'n verskil in haar dorp te maak, het by die munisipaliteit verlof gekry om in een van die garages by die sentrum 'n projek met afvallappies, wol en selfs ou sakke te begin. Die produk, wat gemaak word, hang af van die beskikbare materiaal. Sy het oulike hoede en handsakke gemaak van gooiing uitgestal, asook mooi kledingstukke en sagte speelgoeddiere. 'n Vriendin is deur haar entoesiasme meegesleur en nou is daar reeds twaalf dames werksaam.

Aangesien hulle werk van goeie gehalte is, kry hulle nou bestellings vir skoolsweetpakke sowel as ander kledingstukke en wil dit voorkom asof dit 'n volhoubare projek is. Die belangrike is dat die vroue vir hulself werk en besef dat die sukses van die onderneming net van hulle afhang. Die VLV-lede belowe om oorskietwol, materiaal en selfs krale vir die projek te skenk.

Dit is verblydend dat werkskepping op verskeie fronte aangedurf word. Alida Vermeulen het die lede versoek om alle moontlike kartonboksies bymekaar te maak aangesien sy daarmee aan verskeie persone werk sal kan voorsien. Sy het soveel vertroue in die tot nou toe geheimsinnige projek dat sy al na die uitvoermark kyk.

'n Ooglopend slanker Lina van den Berg het aan die dames verduidelik dat sy weens 'n moontlike gesondheidsprobleem besluit het om haar suikerinname drasties te verminder sonder om dit heeltemal uit te skakel. Na menopause toon vroue dikwels verhoogde bloedsuikervlakke, wat reg bestuur moet word om suikersiekte te voorkom.



Wanneer 'n mens regtig wil, is dit, aldus Lina, nie so moeilik om koffie en tee sonder suiker te drink nie, aangesien 'n mens eers sonder suiker die ware smaak van die drankie kan geniet. Omdat pap sonder suiker meer van 'n uitdaging is, strooi sy suiker met 'n soutpot oor, aangesien dit dan na meer lyk as wat dit werklik is. Deur pap eers te laat afkoel en dit dan slegs liggies te verhit, word die GI-inhoud drasties verlaag.

Witbrood en verwerkte koolhidrate is taboe en sy voeg hawersemsels nie net by haar pap nie, maar ook so skelm-skelm by botterbroodjies sonder benadeling van die eindproduk. Die dames was verlig dat daar nie heeltemal van nagereg en veral sjokolade afgesien hoef te word nie, aangesien matige porsies wel na ete geniet kan word. Groente kan sonder enige beperking geëet word en die drink van baie water is natuurlik voordelig. Die waarde van gereelde oefening, of selfs net stap, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Van den Berg het die dames aangemoedig om die inligting op kosverpakkings in die supermark deegliker te lees en het ook die boek oor volgehoue energie aanbeveel. Haar slotsom was dat baie bietjie vir bietjie vir beter gesondheid gedoen kan word en dit nie nodig is om 'n drastiese dieet aan te pak nie.

Die veelsydig begaafde Alna Theron het die dames op haar lewensreis meegeneem en elkeen teenwoordig laat besef dat dit van jouself afhang hoe jy die krisis in jou lewe hanteer. Fokus eerder op moontlikhede as moeilikhede daar dit 'n groot invloed op jou geluk het en verlies beperk en draaglik maak.

Ten slotte kon die lede almal van Elsabé Louwrens leer om servette op nuwe interessante maniere te vou. Met die waaier het die meeste dames nie te veel probleme ondervind nie, maar die vou van die swaan was bo menigeen se vuurmaakplek. Gelukkig kon Elsabé gedrukte instruksies en diagramme aan alle belangstellendes uitdeel.

Die leefstylvergadering was nie net leersaam en interessant nie, maar ook prettig!




**In the Garden of Eden it was not the apple in the tree that caused the trouble, but the pair on the ground**





## Karoo ruimte



Die supermaan van die 5de Mei 2012 het die wêreld weer op hol gehad. “Die bygelowiges tussen ons moet hierdie naweek oppas vir die supergroot weerwolwe”, het die Time tydskrif gewaarsku. Dit was sekerlik tong-in-die-kies gesê maar dit is 'n feit dat die nuus media die verskynsel buite verband opgeblaas het. Dit verleen dalk waardigheid aan die ANC-regering se klagtes oor die gedrukte media!

Wat is die feite? Die maan beweeg in 'n elliptiese baan om die aarde en een keer per jaar beweeg hy op sy naaste aan die aarde verby. Hierdie jaar was dit Mei-maand se beurt en dit beteken dat die maan omtrent 8% nader aan die aarde was as die gemiddelde afstand. Dit beteken wel dat die maan groter sou vertoon het, maar dit is so gering dat die ongevoelende oog dit glad nie sal kan onderskei nie. Mens moet 'n gesoute maankyker wees of van meetinstrumente gebruik maak om die verskil in grootte raak te sien. Dit beteken ook dat die maan effens helderder sou voorgekom het maar weereens sou dit so gering wees dat mens dit nie met eerlikheid kon waarneem nie. Die vergelykende foto hierbo wys die verskil en daar kan mens net-net sien dat die een groter is as die ander. Ek het heelwat mense hoor vertel dat hulle duidelik kon sien hoe geweldig groot die maan daardie aand was. Die krag van die verbeelding – as die media sou voorspel die maan gaan supergroot wees wanneer hy eintlik op die vêrste draaipunt is, sal hierdie selfde mense ook hoog en laag sweer dat die maan geweldig groot was!

Die een voordeel van hierdie media opsweping is dat dit mense wat nooit die wonder van die sterreheeml waardeer nie, noop om vir net een aand bietjie op te kyk en die wonder van die Skepping te aanskou.

Rene Theron

**Time cannot be saved – it can only be used.  
Do so wisely**

## VREUGDE IS 'N VERRASSING

Op 16 Mei het Adri Kruger, Engelsonderwyseres by die plaaslike hoërskool, die omgee van die Murraysburgers ervaar toe sy met 'n ooievaarste by die Kweperlaan verras is. Onder die indruk dat sy 'n vriendin vir 'n ligte ete gaan ontmoet, wag die hele dorp en distrik se vroue haar toe in.

Aldus Louw het sy niks verwag nie omdat dit die tweede besoek van die ooievaar sal wees en waardeer sy die omgee en meeleef van die ander vroue ten seerste. Dit het sommer die laaste wagtydjie verkort.

Liezl Conradie se reëlings was puik en het vrolike balonne die karakter van die Kweperlaan tydelik verander. Danksy al die nuttige en mooi geskenke gaan niks die nuwe baba, NW, ontbreek nie.

Dit was nie 'n “tee” in die normale sin van die woord nie aangesien Jenny Ballantyne 'n heerlike ligte ete aan die dames voorgesit het. Daar is baie lekker gekuier en oud en jonk, selfs die twee weke oue klein Frederik de Klerk, was saam met Adri bly en dankbaar oor die vooruitsig dat Hannes binnekort 'n boetie sal hê.



**Murraysburg se beste wense vergesel Adri Kruger.**

## Sekretariskraal (Al weer)

Op Sekretariskraal word alles in die oortreffende trap gedoen. Van die gasvryheid deur tot spanspekke, pampoene en mielies. Hier vertoon Frans du Preez van die reuse beet wat hy in sy groentetuin gekweek het.



Hierdie bulle het elkeen die skaal verby die 4Kg merk getrek waarvan die grootste 4.2Kg gewee het. Frans verseker dat dit maar net gewone saad was wat hy by die koöperasie gekoop het, maar miskien het hy 'n geheime program van gene manipulasie van die grond en water waarvoor hy tjoepstil bly!

## Die Helende Krag van Vriendskap



Toe Kalie van Heerden op 16 Mei moeg en met 'n seer hand na 'n operasie aan sy hand op De Hoop tuis kom, wou hy so gou moontlik in die bed kom, maar sy vriende het ander planne gehad.

Net na donker het eers 'n eenaardige dreuning en toe 'n gesing die verdwaasde Kalie na buite gelok en het hy besef dat 'n groot groep vriende, oud en jonk, elkeen gewapen met 'n bord eetgoed en iets te drinke hom en Miemie kom verras het om hom met sy sestigste verjaarsdag te kom gelukwens aangesien hy die naweek, wanneer hy eintlik sou verjaar, saam met sy familie in die Drakensberge sou deurbring.

Izak van der Merwe het namens die vriende, almal boere van die omgewing, Kalie nie net gelukgewens nie, maar hom ook bedank vir alles wat hy deur baie jare vir die distrik se boere gedoen en beteken het. 'n Byna sprakelose Kalie moes vergeet van die bed en het vir 'n uur of twee ten spyte van sy geswelde en kloppende hand die helende saamwees met sy baie vriende geniet. Gelukkig was die gaste bedagsaam genoeg om nie té lank te vertoef nie en kon hy betreklik vroeg gaan slaap met die wete dat sy menswees en die wyse waarop hy die gemeenskap dien, raakgesien en waardeer word.

## Geseënde Pinkster

Murraysburg het vanjaar 'n geseënde Pinkstertyd beleef. Ds. André Louwrens het op Hemelvaartdag 'n reeks dienste saans in Huis Spitskop met die tema “Die barmhartige God en sy barmhartige kerk” ingelui.

Danksy sy gevarieerde invalshoek en aanbieding asook sy passie vir sy onderwerp het ds. Louwrens goed daarin geslaag om sy toehoorders te betrek. Aan die einde van die reeks het een gemeentelid getuig dat sy vir die eerste keer besef het dat ons ook met alles in die skepping barmhartig moet omgaan en nie net met ons medemens nie.

Na die dienste saans is daar nog gesellig om 'n beker sop gekuier en kon die gemeentelid hul belewenis en ander sake met mekaar deel. Vanaf 21-24 Mei het ds. Louwrens ook in die namiddae op verskillende plase dienste aangebied waartydens spesifiek op die plaaswerkers, hulle gesinne en behoeftes gefokus is. Dit was geleentheid waartydens die NG-gemeentelid op 'n ander vlak met

hulle werknemers kon verkeer en kon die boodskap van die barmhartige God sodoende verder versprei.

Op Pinkstersondag is Janco, seuntjie van die nuwe intrekke van George, Linda en Jaco van den Berg, wat vir Kotie en Lina van den Berg met die boerdery kom bystaan, gedoop en het die hele gemeente dié heugelike gebeurtenis gesellig met 'n koppie tee en allerlei lekkernye in die kerksaal gevier. Daarna het die Sneebergwyk gesorg dat die saamkuier danksy hulle heerlike ete verleng word en is die eenheid in die gemeente in alle opsigte versterk.

Die dag is afgesluit met 'n interkerklike Pinksterdiens in die Congregational kerk waartydens nagmaal deur ds. Louwrens bedien is. Afgesien van die treffende boodskap oor die bemagtigende krag van die Heilige Gees het die mooi en spontane sang alle teenwoordiges in hulle geloof versterk en beslis tot heling en beter samewerking tussen alle groepe in die dorp.

## Die Rooidam



Pas na my intrek in Murraysburg drie jaar gelede het ek afgekomp op die ironiese kennisgewing “Swem Verbode” op die wal van 'n kurkdroë dam. Seker maar die droogte, het ek gedink, maar dit het tog goed gereën? Die gras op die bodem van die dam was getuie dat daar baie lanklaas enige water in die dam was, Wat se dam was dit en hoekom is hy leeg? Wat het dan gebeur? Of was dit my nuwe dorp se sin vir humor?

Die oorsprong van die dam, eintlik twee damme, het ontstaan uit 'n besluit in 1902 om 'n voor uit die Buffelsrivier te grawe en water na die damme te kanaliseer as leiwatervir die dorp. Weens 'n gebrek aan onderhoud het die sloot egter toegeslik en die damme het verdor. Nou is daar danksy die inisiatiewe van die Murraysburg Omgewings Forum, 'n projek geloods om die sloot weer oop te grawe ten einde die damme tot hulle vorige glorie te herstel. Die projek gaan privaat befonds en bestuur word en ek wens die beplanners en uitvoerders alle sukses toe met hulle onderneming. Daar sal verseker 'n paar burokratiese klippe ook in hulle pad voorkom maar dié moet sommer saam met die rommel en grond verwyder word! Stel julle net voor 'n pragtige stuk water omsom met bome en bevolk met watervoëls van alle soorte as eerste verwelkoming vir die moeë reisiger en besoekers aan Murraysburg.